Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

TEMA

Jaargang 18 no 9

September 2009

- **Saam sterk teenoor God 2**
- **Toring van Babel in die 21ste eeu? 4**
- **Die rol van die media in die huis 7**
- Kerknuus 8
- Onderwys as lewensdoel 10
- Munisipale dienslewering – tydbom of teken? 13
- Gesprek met 'n twyfelaar 15
- Versoening of betaling ... 17
- Verspreiding van kern-wapens 19
- Reaksie : Tyd 20
- Boekenuus 23

TORINGBOU VAN BABEL 2009

Is die bou van die Babelstoring slegs 'n sekulêre aangeleentheid, 'n aktiwiteit van ongelowiges? In die lig van die geskiedenis in Genesis 11 sou 'n mens se antwoord op hierdie vraag byna onmiddellik bevestigend wees. Ja, dit is mos diegene wat los van God staan, wat vir hulle 'n stad en 'n toring wil bou waarvan die spits tot aan die hemel reik en wat 'n naam wil maak, sodat hulle nie oor die hele aarde verstrooid raak nie (Gen 11:4). Dít is ook die perspektief wat u in die tema-artikels van hierdie uitgawe sal vind.

In hierdie redaksioneel wil ek egter 'n ander perspektief op die saak werp, 'n perspektief waarby ek die vinger nie in die eerste plek na ander wys nie, maar heel eerste na myself, na ons kerkverband. En ek doen dit omdat ek soms iets van Genesis 11:4 in ons eie kerke proe. Kom ons noem dit maar 'n soort angs-kompleks – 'n angs vir enigiets wat anders is as waaraan ons gewoond is, 'n angs vir die onbekende, 'n angs vir alles wat "van buite" kom, 'n vrees dat ons moreel- en teologies-gesproke moontlik oor die hele aarde verstrooid sal raak. Met die onbedoelde gevolg dat ons, net soos in Genesis 11, 'n toring begin bou; 'n toring van preservering, 'n bolwerk van kom-ons-bewaar-angsvallig-hier-binne-alles-wat-goed-en-reg-is. Nou, om die goeie en regte te bewaar, is natuurlik ons opdrag (sien o.a. 1 Tim 6:20), maar my moeite lê met die angsvallige ingesteldheid wat hiermee gepaard gaan.

Sodanige angsvalligheid is naamlik dikwels simptomaties van 'n identiteitskrisis… Iemand wat weet wie hy is, is nie bang om uit te gaan en homself as sodanig aan te bied nie. 'n Kerk wat seker is van haar identiteit in Christus, hoef nie haar eie toring-teen-verstrooiing te bou nie. Inteendeel, sy is geroep om te bou aan die Koninkryk van die hemele, 'n Koninkryk waarvan Christus wil hê dat dit oor die hele lengte en breedte van die aarde 'verstrooi' sal word. En die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie – daarvoor staan Christus borg, want aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde!

Ken die VGKSA nog haar identiteit? Of verkeer ons moontlik in 'n identiteits-krisis? En ek vra dit omdat ek angs sien, 'n vrees vir alles wat anders ruik. Ons moet egter goed verstaan dat, as ons ons identiteit in Christus ken, dan gaan ons nie uit om dít wat buite is, binne te bring nie, maar dan gaan ons uit om dít wat binne is, uit te dra: die blye evangelie van Jesus Christus, Hy wat in sy liefde alle vrees uitdryf! Dan breek ons die Babelstoring-2009 af en ons bring mense tot onderwerping aan die Naam bo elke ander naam.

Ds Erik van Alten

SAAM STERK teenoor GOD

TEMA: Toringbou van Babel 2009

"Eendrag maak mag." Dit is 'n bekende leuse. As mense hul mag saambundel, kan hulle baie meer vermag. 'n Mens herken hierdie strewe in ons hedendaagse samelewing. Dit was in 'n mate deel van die verkiesingsmanifes van beide die ANC en die DA. 'n Mens sien hierdie strewe op allerlei gebiede. Op die maatskaplike erf: dink aan die mag van die vakbonde waaronder ons land die laaste tyd gebuk gegaan het. Deur die organisasie van vakbonde kon die "werkers" 'n vuis maak en die meeste van hul wense verwesenlik. Op die internasionale front ken ons byvoorbeeld die Verenigde Volke Organisasie, die Europese Unie en die Afrika-Unie. Op finansiële gebied is daar die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds en die groot aandelemarkte. Wat 'n mag het sulke organisasies nie in ons wêreld nie. Hoe vry is die individuele lande nog om te doen wat hulle belangrik ag? In die afsonderlike lande is daar ook nog die strewe na die oppermag van een party. Dink aan die groot mag van die ANC saam met sy alliansie-vennote. Dit word veral gevaarlik as daardie mag teen God aangewend word. So kan die wêreld, die lande, die partye God na die kroon steek. Dit is wat 'n mens ook sien gebeur. Die mens dink dat hy God nie meer nodig het nie, bundel sy magte saam en verwag aanbidding van homself. Hierdie ontwikkeling is nie nuut nie. Ons sien dit reeds by die toringbou van Babel. Ons herken dit deur die hele geskiedenis heen. In hierdie artikel wil ek probeer om die Bybelse lyn van hierdie sondige, menslike begeerte uit te werk.

Babel

Na die sondvloed gaan die ontwikkeling van die mensheid voort. Hulle maak nuwe ontdekkings en word weer ryk en sterk. Na verloop van tyd vind hulle in Nimrod, die geweldenaar, 'n sterk leier. Ondanks God se bevel dat die mense hulle oor die aarde moet versprei, besluit hulle om bymekaar te bly woon. Waarom? Hul leuse is: saam is ons sterk. Met behulp van 'n sterk stad en 'n groot toring "waarvan die spits tot aan die hemel reik", wil hulle hul toekoms waarborg en vir hulleself 'n naam maak. In eiewilligheid verwerp hulle God se beloftes van sorg vir die toekoms en neem hulle hul toekoms in hul eie hande. Hulle sal hulself red. Die strewe na selfverlossing lei tot selfverheerliking. Die Naam van God moet in hierdie stad van die mens plek maak vir die naam, die roem en eer van die mens. So is die toring 'n simbool van hulle opstand teen en onafhanklikheid van God. Hulle wil hul eie heer en meester wees. Hulle het God se belofte en bevel nie nodig nie.

Die gebeure by Babel bewys dat die mens na die sondeval dieselfde gebly het. Hulle verset hulle teen God en sy wil. Die gees van Kain, van die oormoedige Lameg, en van die reuse en geweldiges van Genesis 6 kry tog weer die oorhand. Feitlik gaan dit terug na die sondeval en na die stryd tussen die saad van die slang (Satan) en die saad van die vrou (God se verlostes). Babel is die simbool van alle opstand teen God wat hom openbaar in die bou van 'n sterk gesentraliseerde ryk of mag waarin die mens homself verheerlik en selfs vergoddelik. Hierin sien 'n mens reeds die gees van die Antichris.



Wêreldryke

Na God se verstrooiing van die mensheid by Babel, is daar voortdurend die pogings om die volke tog weer onder een mag te kry. Dit is die geskiedenis van imperialisme en van groot wêreldryke. Daar was die Assiriese ryk met sy groot stad Ninevé. Daarna was daar die Babiloniese ryk, met sy groot stad, 'n tweede Babel. Nebukadnesar het God na die kroon

gesteek toe hy vanaf die dak van sy koninklike paleis in Babel gespog het: "Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?" (Dan 4:30). Dit is dinge wat net van God gesê kan word. Nebukadnesar se droom van die groot boom wat tot aan die hemel gereik het en tot aan die einde van die aarde sigbaar was (Dan 4:10-18) laat 'n mens dink aan die toring van Babel. Nadat hy 'n menigte volke onderwerp het, het hy 'n goue beeld laat oprig, 'n beeld 30 meter hoog. Alle volke, nasies en tale is opgeroep om as een man voor die beeld, voor die mag en majesteit van Nebukadneser, neer te val en hom te aanbid. Hulle wat dit nie sou doen nie, moes gedood word. Nebukadnesar se eiewaan en radikale miskenning van die lewende God, wat lei tot die vervolging van God se kinders, maak hom 'n ware voorloper van die Antichris en 'n aartsvyand van die beloofde saad. Na die val van die Babiloniese ryk was daar verskeie ryke wat uitgeloop het op die Romeinse ryk met sy groot stad Rome. Tiperend vir al die wêreldryke was dat die mens God na die kroon gesteek het. Die mens het homself verhef. Romeinse keisers het goddelike regte en aanbidding vir hulleself opgeëis en wee die aanbidders van die ware God wat nie bereid was om daarin saam te werk nie. Die vervolging van die Christelike kerk deur die Romeinse ryk is 'n beeld van wat Christene deur die eeue heen onder anti-Christelike regerings moes ly. 'n Mens herken dit ook sterk by diktatoriale en totalitêre regerings soos dié van Hitler se Derde Ryk en verskillende kommunistiese magte.

Rewolusie teen die HERE en sy Christus

Psalm 2 verklaar vir ons waaroor dit by al die rumoer van die nasies eintlik gaan. Ons lees daar dat die konings en vorste van die nasies saam raad hou. Waarom? Hulle verenig hulle in hul vyandskap en opstand teen die HERE en sy Gesalfde. Hoewel die Psalm aanvanklik praat van opstand van onderworpe volke teen koning Dawid, reik die Psalm veel verder. Dawid se ryksgebied was nog beperk tot die Midde-Ooste. Die ryksgebied van Dawid se groot Seun, ons Here Jesus Christus, is egter universeel. So kan ons ook letterlik praat van 'n wêreldwye opstand.

By die eerste openlike vervolging van die Christelike kerk sien die jong gemeente daardie vervolging (in Hand 4) as 'n vervulling van Psalm 2. Na 'n letterlike aanhaling van Psalm 2 verklaar hulle: "Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het." Die opposisie het verskerp. Die wêreldgrotes kom saam met die kerkvorste van Israel. Hulle het mekaar gevind in 'n bondgenootskap teen Jesus Christus. Wêreld en valse kerk, die heidendom en die afvallige bondsvolk is een in hul opstand teen die HERE en sy Gesalfde.

In die voortgang van die geskiedenis sien 'n mens steeds weer albei stromings – die wêreld en die valse kerk – teen die Here opstaan. Dit is die werklikheid waarvoor ons ons oë moet oophou wanneer ons let op die ontwikkelings in die wêreld en in ons eie land. Dan moet ons nie net dink aan kommunisties- of sosialisties-georiënteerde regerings nie. Ook die liberale politiek of 'n verwaterde Christelike politiek word feitlik deur dieselfde gees gedryf, naamlik die rewolusionêre gees teen die HERE en sy Christus. Die moderne mens wil die juk van Christus van hom afwerp. So raak lande al hoe meer anti-Christelik. Die Christelike norme, vir die politiek en vir die openbare lewe, word steeds meer geïgnoreer. Die mens kraai koning.

Die dier en die valse profeet

Die boek Openbaring teken vir ons die onheilige alliansie van wêreld en valse profete. In Openbaring 13 word drie onderskeie vyande van Christus genoem, naamlik die draak, die eerste dier wat uit die (volke-) see opkom en die tweede dier wat uit die aarde opkom. Die draak is die duiwel wat groot mag aan die eerste dier gee. Die eerste dier verteenwoordig verskillende magte (state of regerings) wat onbeperkte gehoorsaamheid vir hulleself opeis, groot woorde en godslasterings teen God uitspreek en die heiliges vervolg. Wanneer 'n staat of regering homself vergoddelik, direk deur 'n religieuse kultus of indirek deur absolute lojaliteit en gehoorsaamheid (wat net God toekom) op te eis, word dit dierlik. Kyk maar na Zimbabwe onder Robert Mugabe. Die tweede dier uit Openbaring 13 is die valse profeet (Openb 19:20). Hy verskyn soos 'n lam, maar praat soos 'n draak. Alles wys in die rigting van valse godsdiens wat, met allerlei tekens en wonders en met behulp van die militêre en ekonomiese mag van die eerste dier, mense wil mislei en wil dwing tot aanbidding van die eerste dier. Dink net aan die onheilige alliansie tussen "kerk" en staat in die geskiedenis om die ware Christene te vervolg, soos in die tyd van die Reformasie.

Openbaring noem vir ons ook nog die groot hoer Babilon wat die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde genoem word (Openb 17-19). Of dit nou wys op die valse kerk, soos prof Holwerda beweer, of op 'n invloedryke wêreldstad, dit gaan duidelik oor die geestelike karakter van daardie stad. Dit is 'n sentrum wat 'n magtige invloed in die internasionale volkslewe het, ook in die wêreld-ekonomie en -handel. 'n Weelderige sentrum wat die sedelike

verval van die wêreld aanwakker. Mag ons dalk dink aan stede soos Amsterdam, Parys, New York of Hollywood?

Hoop, nie vrees nie

Sou 'n Christen nie vir al die magte moet vrees nie? Nee. Ons het alle rede om te hoop. Die toekoms behoort aan ons. Die volke bedink nietige dinge. Hul planne sal uiteindelik misluk. "Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle" (Ps 2:4). Koning Christus regeer. Satan is gebind. Hy kan net opereer binne die grense wat God aan hom stel. Die evangelie sal sy volle loop hê tot aan die eindes van die aarde. Deur die evangelie hou God die mens van sonde (die Antichris?) teë (2 Thess 2). Die trotse Babilon sal val. Die getal van die dier is 666, die getal van 'n mens (Openb 13:18). Hy sal nooit klaarmaak nie. Hy sal nooit goddelikheid bereik nie. Ses is immers nie sewe, die goddelike getal van volheid, nie. Wanneer hierdie anti-Christelike magte weer oor die hele wêreld sterk word in hul opposisie teen die kerk, sal Christus skielik terugkom en hulle finaal vernietig. God se koninkryk sal kom. Die stad van die mens sal plek moet maak vir die stad van God, die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel neerdaal en toeberei is soos 'n bruid wat vir haar man versier is. Die groot verbondsbelofte sal dan finaal werklikheid word: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God Self sal by hulle wees as hulle God" (Openb 21:3).

Ds C Kleijn *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk in Johannesburg.*

TORING VAN BABEL in die 21ste EEU?

TEMA : Toringbou van Babel 2009

Op Sinear se vloedvlaktes in die Tweestromeland, waar klei vir bakstene beskikbaar was, is lank gelede die groot stad Babel gebou (Gen 11). Die doel was om die mensdom bymekaar te hou en 'n groot kultuur, 'n "naam", op te bou. Die hoë toring in die middel sou die simbool wees van die eenheidstrewe van die mens. Binne 'n groot sterk stad en by riviere met water en landbougrond sal ons nie meer vir menslike of natuurlike vyande of die natuurkragte bang hoef te wees nie. Ons kan dan self baas wees oor ons doen en late, self bepaal wat goed en verkeerd is en ons onafhanklik maak van ons Skepper. Hierdie eenheidstrewe het nie geslaag nie. God het hulle taal verwar en hulle het uitmekaar gegaan en onderling oorloë gemaak.

Vir baie eeue het maghebbers probeer om deur militêre mag en verowerings volke te dwing tot eenheid. Ook dit het nie geslaag nie, die nasionalistiese kragte was te groot. Maar nou lyk dit of die ou Babel-gedagte weer nuwe impulse gekry het, deur *vrywillige* samewerking van volke. Ons begin leef in wat genoem word die "wêrelddorp" ("global village"). Ons reis die wêreld oor vir werk, vakansies of familiebesoek, ons praat of stuur e-posboodskappe vanaf feitlik enige plek na enigiemand anders in die wêreld, ons gebruik almal dieselfde tegnologie, dra dieselfde klere (uit China), luister na dieselfde musiek, kyk dieselfde films, hoor, sien of lees dieselfde daaglikse nuus, het dieselfde menseregte, ens. Die wêreldbevolking het inderdaad as bure begin saamwoon en saamleef.

Verder het die *Verligting* die menslike denke bevry van religieuse knellings en kwellings. Die menslike verstand het onafhanklik van God, outonoom, geword; menseregte het Goddelike regte vervang. Deur wetenskap, ekonomie en tegniek het die mens hom reeds grootliks bevry van bedreigende natuurkragte, van sorge om die bestaan en van siektes en kan hy nou verantwoordelikheid neem vir sy eie lewe. Is dit nie die ou ideaal van Babel wat die mensdom nou uiteindelik besig is om te realiseer nie?

Taal

Deur die uiteengaan van mense by die toringbou van Babel het baie verskillende tale en kulture ontstaan. Verskillende tale lei tot gebrekkige kommunikasie, onbegrip, agterdog, 'n gevoel van "hulle en ons", en uiteindelik verskillende kulture en vyandigheid tussen volke. As hierdie sake ongewens is, wat is dan 'n beter aanpak as om die taalverskille te verminder? As alle mense dieselfde taal praat, sal hulle mekaar kan verstaan, begryp, betrokke voel by mekaar, saam een kultuur ontwikkel en in vrede met mekaar leef.

Dit het amper vanselfsprekend gebeur toe in die begintyd van die Romeinse Ryk (Koinè-) Grieks as kultuur- en handelstaal binne die Ryk ontstaan het en

die Pax Romana, die vrede van die Romeinse Ryk, geheers het. Ook ons Nuwe Testament is toe in Grieks geskrywe en kon deur die meeste mense in die Romeinse Ryk gelees word. Daarna het Latyn gekom as taal van die Romeine en van die Europese geestelikheid en die wetenskaplikes. Maar hierdie taal het nie deurgedring tot die gewone mense van Europa nie. Daarom het Luther die Bybel vertaal in sy volkstaal, Duits. Met hierdie Bybelvertaalwerk word nog steeds voortgegaan (soos deur die Bybelgenootskappe en die Wycliffe-organisasie). Die grootste deel van die mensheid kan nou die Bybel in sy eie taal lees.

In 1887 het LL Zamenhof 'n kunsmatige eenheidstaal ontwikkel en dit "Esperanto" genoem (dit beteken: ek hoop). Die Esperanto-woorde is deurgaans afgelei van Latyn. Zamenhof se verklaarde doel en hoop was om 'n eenheidstaal te skep wat mense, veral in die oorlog-geteisterde Europa, sou verenig, sodat vrede en internasionale begrip vir mekaar sou groei. Maar hierdie taal het nooit werklik breë ingang gevind nie.

In ons tyd is dit veral Engels wat as vrywillige eenheidstaal funksioneer. Dit het voortgevloei uit die omvattende Engelse koloniale ryk en meer onlangs uit die ontwikkeling van die VSA as kultuursentrum van die Westerse wêreld en van rekenaars en die internet as kommunikasiemiddel. 'n Groot deel van die wêreldbevolking het nou Engels as tweede taal en kommunikeer daarin met ander mense orals in die wêreld. So het die Suid-Afrikaanse regering ook besluit dat Engels die algemene voertaal van die owerheid is.

Hierdie eenheid in taalgebruik maak inderdaad die kontak tussen verskillende mense, volke en kulture beter moontlik. En omdat die spreekwoord sê: "Onbekend maak onbemind", is die verwagting dat bekendheid met mekaar ook toegeneentheid tot mekaar sal veroorsaak. Hierdie veronderstelling moet hom egter nog bewys.

Kultuur

Die VSA het 'n sterk invloed op die Westerse kultuur vanaf die Tweede Wêreldoorlog. Dit vind veral plaas deur pop(ulêre) musiek, films, televisieprogramme, wetenskap, tegnologie, voedsel en drank, deur sy oop en demokratiese samelewing en sy sterk ekonomie. Die VSA is die aantreklike land met ongekende moontlikhede. Veral jongmense neem vinnig hulle "moderne" kultuur oor. Sommige aspekte hiervan kan as positief beskou word, maar daar is ook sterk negatiewe aspekte verbonde aan hierdie moderne Westerse kultuur. Dit betref o.a. die versaakliking en verindividualisering van die samelewing en die grootskaalse besoedeling van die aarde deur die verbruiker-samelewing. Dit wil voorkom asof alles gaan oor geld en myself. Die wêreld word materialisties en gerig op my genietinge.



Ook die plek van die tegniek in die samelewing het verander. Tegniek het die mens aanvanklik bevry van die bedreiging van die natuur (soos huise en klere teen die koue, die wind en die reën, gewere teen die wilde diere en hospitale met farmaseutiese preparate teen siektes). Dit het veral ook die mens se werk verlig deur meganisasie en outomatisering en sy genietinge bevorder. Maar tegniek het die mens ook die alleenheerser en despoot van die natuur gemaak. Diere wat iets nuttigs produseer, word in bio-fabrieke gehok: hoenders, beeste en varke, netjies op 'n ry om te eet en te produseer. Diere wat interessant is om te sien, word in hokke, parke of ten beste in reservate aangehou en slegs daar getolereer. Grondstowwe en hulpbronne word roekeloos ontgin, want daar is 'n "vraag" en dit lewer geld op. Tegniek is dus nou ook 'n middel vir die mens om te heers en op groot skaal die natuur te vernietig. Die mens se welvaart en welsyn moet gedien word ten koste van amper enigiets.

En omdat net materiële sake van belang is, verdwyn die geestelike deel van die lewe. Op sy beste

verskraal dit tot emosies. Die moderne denke het drasties verander gedurende die laaste eeu. Maar die bron daarvan het al eeue vroeër in Europa ontstaan met Descartes en Kant. Volgens hulle is die verstand van die mens die uitganspunt en vastigheid van die lewe. God en godsdiens word uitgesluit van die openbare samelewing, want dit pas nie meer in die rasionele denke van die moderne mens nie.

Veral in die Westerse wêreld word dit al hoe meer die kenmerk van die samelewing. Maar dit brei ook vinnig uit na ander nie-Westerse lande. En dit klink ook baie bekend in ons huidige openbare diskussie oor geloof en wetenskap in die Suid-Afrikaanse pers.

Politiek

Wat oorloë oor baie eeue nie kon regkry nie, het geld reggekry. Daar is in Europa voordeel gesien in die samewerking tussen lande. Dit was aanvanklik oor steenkool en staal, maar het al hoe meer uitgebrei na samewerking oor die volle ekonomiese en handelsterrein, na militêre samewerking, politieke besluitneming bo nasionale owerhede, monetêre beleid en die geldeenheid (die Euro), ens. Die Europese Unie het nou gegroei tot 27 lande in Wes- en Sentraal-Europa, met ’n bevolking van 500 miljoen mense. As gevolg van sentralisasie begin dit al hoe meer funksioneer as een land en baie Europeërs kry reeds die gevoel dat hulle eerder vanuit Brussel as vanuit hulle eie hoofstad regeer word.

Daarteenoor het die Sowjet-Unie, wat altyd meer ’n militêre eenheid as ’n ideologiese eenheid was, weer uiteengeval. En so ook Joegoslawië. In Afrika is daar, onder aanmoediging van Kolonel Ghadaffi van Libië en ook vanuit Suid-Afrika, die neiging en bereidheid om ’n Pan-Afrikaanse eenheid te vorm. Ook die lande van Suid- en Sentraal-Amerika begin meer saamwerk, sowel op handels- as op politieke gebied.

So lyk die huidige neiging in die wêreld om meer en meer saam te werk op allerlei gebiede. Die eerste samewerking blyk deurgaans op handelsgebeid te wees, want hier is regstreekse voordeel te behaal. Samewerking beteken ook verbroedering. ‘n Mens kan verstaan dat sommige gebiede moeg is van oorlog voer, soos vroeër in Europa. Daar is ’n sterk gevoel dat oorloë voorkom moet word, sowel onderling as in ander dele van die wêreld.

Ongelukkig is daar ander brandhaarde en heethoofde in die wêreld wat anders dink, soos Noord-Korea en Iran, wat blykbaar besig is om vir oorlog voor te berei. Sal ander hulle kan oortuig van die nadele daarvan, uit eie ondervinding?

Beoordeling

Kan ons, as Christene, gelukkig wees met hierdie ontwikkeling? Is dit die ou Babel-strewe teen God se wil wat met hernude krag weer tot lewe gekom het? Stuur ons af op die magte van die wêreld, soos die Dier uit die Afgrond (Openb 11), die Draak (Openb 12), die Dier uit die See en die Dier uit die Aarde (Openb 13), Gog en Magog (Openb 20), wat binnekort op “Jerusalem” (= die Christendom) sal toesak en ook die laaste twee getuies sal doodmaak (Openb 11)? Bespiegelings hieroor lei sekere mense (veral “dispensasionaliste” soos Hal Lindsay vanaf 1970) tot wydlopende fantasieë oor wie presies wat is en wat “binnekort” gaan gebeur.

Ons hoef ons gelukkig nie te laat verontrus deur sodanige skrywers nie. Die boodskap van die boek Openbaring is duidelik. Christus regeer vanuit die hemel; die kerk en die gelowiges sal wel moet stry om staande te bly, maar die oorwinning is seker: die wêreld sal tot voltooiing kom en die gelowiges sal die nuwe hemel en die nuwe aarde beërwe. Op die pad soontoe sal daar moeites wees, dan hier, dan daar, dan gewelddadig van buite af, dan met mooi woorde van binne-uit. Wie vir Christus wil lewe sal, net soos Hy, teenstand ondervind, maar wie in Christus lewe, het, saam met Hom, reeds opgestaan tot ’n nuwe lewe.

Dit behoort ons rus te gee. Soos mense lank terug daarna gestreef het om saam ’n stad te bou in Babel en God dit verhoed het omdat dit hulle roeping in die pad gestaan het, so sal God nog steeds die menslike planne en gebeure stuur. Die mens wik, maar God beskik, ook nou nog en ook op makro-vlak.
Daarom kan ons die huidige ontwikkelings in die wêreld positief sien en ervaar. Eenheid in taal, goeie paaie en lugverbindings dwarsoor die wêreld, die internet en selfone, afwesigheid van oorloë, ’n lewe in vryheid, ens. gee geweldige moontlikhede om die evangelie uit te dra. Soos ons ons hier inspan om die evangelie in Afrika uit te dra, ontvang ons vanuit Europa, Australië en Noord-Amerika hulp. Ons weet van mekaar en ondersteun mekaar, nou ook op globale skaal.

Die bedreiging van die huidige wêreldontwikkeling lê vir ons op geestelike vlak. God is dood verklaar deur baie mense, en Christene word uitgedaag om sy bestaan te bewys. Mense glo blykbaar net in wat hulle kan waarneem met wetenskaplike apparaat, daarbuite bestaan eenvoudig niks nie. Daarmee saam verdwyn Christelike norme, wat heilsaam is vir die lewe van elke mens. Geldsug, begerigheid en selfgerigtheid breek die aarde af, terwyl die mens juis aangestel is as beheerder en versorger daarvan.

Teen hierdie neigings moet ons opstaan. Die mens is aangestel om God te dien en te eer en om as God se rentmeester op hierdie aarde te woon en te werk. Dit geld nie net vir Christene nie, maar dit geld vir alle mense. Die basis vir hierdie twee groot take lê in die evangelie van verlossing deur Jesus Christus.

Dit moet ons met al ons vermoëns naleef en uitdra, terwyl ons gebruik maak van die geweldige moontlikhede van ons moderne tyd.

Hans Moes *is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad.*

DIE ROL van die MEDIA IN DIE HUIS

TEMA : Toringbou van Babel 2009

Die wêreld het plat geword. Een globale dorp. Deur middel van tegnologie word grense tussen kulture en volke afgebreek en kry almal toegang tot dieselfde inligting, idees en neigings. Ons word daagliks gebombardeer met inligting. Maar hoe kan jy selektief te werk gaan met die inligting en hoe beheer jy die inligting wat daagliks jou huis binnestroom?

Die situasie - 'n Massamedia

Veertig jaar gelede was 'n brief in die pos 'n hoogtepunt in die week vir immigrante in Suid-Afrika en was dit een van die min maniere om inligting oor Nederland te hore te kom. Vandag kan ouers direk met hul kinders wêreldwyd *Skype* en selfs via 'n *webcam* gesels. Maar dit het ook meegebring dat ons gebombardeer word met inligting.

Dertig jaar gelede het die gewone burger sy dagblad gelees en radio geluister. Televisie was nog in sy babaskoene en daar was maar 'n paar kanale om van te kies. Vandag lyk die prentjie 'n bietjie anders. Lesers het 'n baie wye verskeidenheid van inligting tot hul beskikking. Die internet het 'n globale netwerk oor die hele wêreld oopgemaak.

Om op hoogte te kom van nuusgebeure is nou baie maklik. Die meeste koerante en radiostasies het webwerwe met inligting wat baie gereeld opgedateer word. Soos wat nuus bekend word, word dit aanlyn geplaas.

Met die koms van DSTV het kykers 'n keuse van meer as 350(?) verskillende kanale om na te kyk. Vroeër het jy 'n maand gewag vir jou industrie-nuusbrief. Nou is daar industrie-gerigte webwerwe wat daagliks opgedateer word met die nuutste gebeure in die industrie.

Daar is 'n ontelbare verskeidenheid om van te kies.

In die IT-industrie word daar selfs gepraat van *Before Google (BG)* wat sinspeel op die term *voor* Christus en *na* Christus. As daar byvoorbeeld na 'n spesifieke program verwys word wat vyf jaar voor die koms van *Google* geskryf is, sal daar gesê word vyf jaar *Before Google*.

Die koms van die internet het die wêreld in 'n mate in 'n globale dorp verander. Die sogenaamde "Global Village".

Dit illustreer die ongelooflike invloed wat multimedia op die wêreld het. Die maniere waarop inligting verkry word, het duidelik heeltemal verander.

- Mense wêrelwyd gebruik die internet om hul eie navorsing te doen en hul eie besluite oor verskeie sake te neem.
- Al hoe meer mense word skrywers as gevolg van hul deelname. Webwerwe soos dié van *Beeld* en veral *Rapport* gee lesers die opsie om kommentaar op berigte te lewer.
- Met die ontstaan van *blogs* het mense hul eie mediavorms geskep. Selfs deur mediums soos *Twitter*, *Facebook* en *Blueworld* dra mense inligting oor.
- Ook die bekende radiostasie *702 Talk Radio* moedig luisteraars aan om ooggetuies te wees in hul omgewings en nuus deur te gee vir die stasie se *Eyewitness News*.
- Die skryf-lees-kultuur van die internet het die sogenaamde *Citizen Journalism* tot stand gebring. Dit is wanneer burgers ("citizens") sogenaamde joernaliste word. Daar is verskeie platforms vir die sogenaamde joernaliste om hul idees en artikels te publiseer.

Verskeie vorms van massamedia probeer vir ons die 'regte' manier van lewe oordra. Populêre kultuur is die norm in ons samelewing. Ons almal word, in ons sosiale strukture, beïnvloed deur wat as mode beskou word. Dit veroorsaak 'n sogenaamde McDonaldskultuur. Almal dra jeans en tekkies, want dit is die *in*-ding om te doen. Die media wat modes met kort raklewens glansryk adverteer, is deel van jou lewe. Dit is immers die doel van media! Manipulasie, gedryf deur geld. En Amerika hou daarvan om beskou te word as die

'trendsetter' en die res van die wêreld moet in sy spore volg.

Vryheid van spraak
In 1986 was 'n noodtoestand verklaar en koerante moes streng sensuur toepas. Woorde en sinne en soms hele artikels was met swart ink toegemaak omdat dit inligting was wat nie gepubliseer mog word nie. Baie mense was nie bewus van wat werklik in die townships plaasgevind het nie. Hierdie situasie geld nie meer vandag nie. Inteendeel, met die koms van die poniekoerante in Suid-Afrika (vroeër die eeu) kan joernaliste basies sê wat hulle wil. En dit maak die massamedia nie minder nie!

Wees selektief
Maar hoe kies jy tussen die massas van inligting?
Die groot hoeveelhede van inligting wat beskikbaar is, maak die verwerking en absorbering van die inligting baie moeilik. Want soms kan ons nie agterkom of die inligting betroubaar is of nie.
Een voorbeeld daarvan is die bekende webwerf *Tripadvisor*, waar reisigers resensies kan skryf en lees oor die plekke wat hulle besoek. Klagtes kan ook op die webwerf geplaas word. Maar nou het dit aan die lig gekom dat toerisme-bestemmings mense sal betaal om hul plek te besoek en 'n positiewe resensie te skryf! Manipulasie dus. Maar hoe gaan jy as leser dit weet? Dit word al hoe moeiliker om te onderskei tussen wat die betroubare bronne is en wat artikels met 'n "agenda" is.

Dit is belangrik dat ons weet wát die media inhou, sodat ons weet hóé om daarop te reageer.
Christene kan nie buite sosiale strukture lewe nie. Maar is dit reg om net saam te smelt en saam met die golf te beweeg?

- Gebruik meer as een bron om die geldigheid te toets.
- Lees verskillende opinies.
- Lees altyd krities.

Die realiteit is: dit steel tyd. Die verskillende vorms van media, soos televisie, internet, sosiale netwerke, sms'e, steel kwaliteit tyd in gesinne. Tyd wat gebruik kan word om saam te spandeer en om te gee vir mekaar. Ons mag nie passiewe houdings teenoor die inname van media inneem nie. Dit is belangrik om altyd krities te dink.
Wees selektief in die inligting wat jy inneem. Wees selektief in die inligting wat jou huis binnedring. Gesels met jou kinders oor die webwerwe wat hulle besoek. Dit is belangrik om hulle aan te moedig om met jou te gesels oor wat hulle raakgelees het, sodat julle dit saam kan beskou.
Koerante maak (soms) gebruik van die sogenaamde 'breakfast test' om te besluit of 'n foto of artikel op die voorblad geplaas moet word. Kan hierdie koerant gelees word terwyl jy jou ontbyt eet? Dit het 'n mate van beheer gegee, maar op die internet is daar geen 'breakfast tests' nie. Alles is daar vir almal om te lees.

Opdrag
Begin sommer nou! Bepaal of hierdie artikel aan die betroubaarheidstoets voldoen; lees ander bronne oor hierdie onderwerp; en wees veral krities!

Tanya de Vente *is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

KERKNUUS

Kerknuus

Australië - *korrespondent : Ds Mendel Retief*

Dominees S 't Hart en R Pot het onlangs in Australië aangekom en beide het hul colloquiums geslaag. Ds 't Hart is as predikant van Baldivis bevestig en ds Pot is in Wes-Albany bevestig. Nou is hier geen vakante gemeente in die FRCA nie.

Mundijong is tans 'n wyk van die Byford-gemeente maar hoop om voor die einde van die jaar 'n nuwe gemeente te vorm. Ook die groep in Busselton ('n wyk van Bunbury wat tans in Busselton eredienste belê) hoop om binnekort tot gemeentestigting oor te gaan. Daar sal dus DV nog twee nuwe kerke toegevoeg word tot die verband, wat die totaal sal bring op 15 kerke (met drie klassisse).

Die kerk in Armadale het kontak gemaak met voormalige lidmate van die GKSA (Doppers) in Cairns, Queensland, waarvan twee gesinne reeds aansoek gedoen het om lidmaatskap by Armadale. Moontlik kan daar 'n preekpunt begin word.
Onder die seën van die Here gaan dit tans baie goed met die kerkverband, sodat Lukas se woorde in Handelinge 9: 31 ook hier geld: "En die gemeentes…het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en

gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilge Gees, het hulle vermeerder."

Nederland - *korrespondent : Ds Axel Hagg*

Dit is vir ons hier in Nederland elke keer weer 'n aanpassing om in ***Julie en Augustus*** saam met al die ander Nederlanders af te vlieg/ry kus toe (of berge toe) vir die jaarlikse ***somervakansie***. Veral as 'n mens gewoond is aan die Suid-Afrikaanse Desembervakansie… Dit was ook opvallend dat, ongeag die finansiële krisis, daar ook hierdie jaar tog weer eens miljoene Nederlanders met vakansie is. Sodanig dat die kerke die afgelope weke maar bra leeg was tydens die Sondagse eredienste. Ook op kerklike gebied is dit redelik rustig. Daar is dus nie veel *kerknuus* om aan u deur te gee nie. Tog was daar 'n paar opmerklike nuusberigte in die Christelike koerant *Nederlandse Dagblad* (ND), wat ons graag met u wil deel. Ongelukkig nie almal ewe verblydend vir ons nie, maar die beoordeling daarvan laat ons aan die leser oor.

Die eerste was enkele uitsprake van ds Karlo Janssen. Hy pleit in sy proefskrif vir 'n ***nuwe*** belydenis of aanvulling op die bestaande Formuliere van Eenheid, waar duidelik gemaak word wat hoofsake en bysake in die belydenis is. Hierdie nuwe belydenis moet ook nie tyd- en kultuurgebonde wees soos die huidige belydenis nie. Hy pleit ook daarvoor dat nie die belydenis as sulks gehandhaaf moet word nie, maar die Skrif. As iemand iets teen die belydenis het, moet 'n mens, volgens ds Janssen, nie die mening van die ander dadelik afskiet omdat dit in stryd met die belydenis is nie, maar saam terugkeer om die belydenis weer aan die Bybel te toets. Verder meld die ND dat ds Janssen binnekort na Kanada vertrek waar hy 'n beroep aangeneem het binne die CRC.

Die tweede was die aanstelling van Henk Bouma as missionêre werker onder moslems in die stad Utrecht. Hy gaan onder andere probeer om kontak te maak met Marokkane in die woonbuurt Kanaleneiland. Ook wil hy kerklede in die omgewing van Utrecht toerus om in gesprek te gaan met moslems en so te getuig van Christus. Bouma en sy gesin (sy kinders het ook Arabiese name) het 13 jaar namens die London City Mission onder Bengaalse moslems gewerk. Hy het as ekonoom in die Britse hoofstad begin werk, maar vir hom was sy egte werk evangelisasie onder moslems. En of mense gehoor gaan gee aan sy evangelieverkondiging, berus volgens hom by God. Hy hoop ook om by die TU in Kampen verdere opleiding te ontvang.

En dan ten slotte 'n opmerklike artikel oor die Wêreldbeker-sokker volgende jaar in Suid-Afrika: Dr Hans Ester, dosent in Suid-Afrika-studies by die Radboud Universiteit in Nijmegen, is van mening dat die ondersteuners van die Europese sokkerspanne inligting moet kry oor die kulturele gebruike in Suid-Afrika. Europese sokkerondersteuners is bekend vir hul growwe taalgebruik/gevloek en gewelddadige "afterparties" na sokkerwedstryde. Volgens hom is hierdie gebruike in Suid-Afrika nie so algemeen nie, en selfs vir baie mense onaanvaarbaar. Suid-Afrika is volgens hom 'n land waar ***geloof en religie*** 'n merkbare rol in die openbare samelewing speel. 'n Informatiewe brosjure kan die Europeërs help om tydens die Wêreldbeker ook respekvol met die land se kulturele en godsdienstige gebruike om te gaan.

Suid-Afrika

Tussen Soshanguve en Pretoria

Ds Dirk Maurits in gesprek met 'n lid van die huisgemeente.

Akasia se dienste het begin!

'n Garage. Dertig stoele. 'n Tafel met 'n boks is die preekstoel. 20-25 mense wat soggens om 10 uur vanuit die son die koue garage binnestap en gaan sit. Om saam God te prys, te leer om Jesus na te volg en te bid.

Welkom in die nuwe gemeente van Akasia. Voorlopig 'n 'huisgemeente' in ons 4-kar-motorhuis.

Verandering

Die gemeente lyk soos die ander sendinggemeentes, met twee verskille: die dienste is in Engels en word bygewoon deur mense van 5 verskillende nasionaliteite en tale, swart en blank.

Voordat die eerste erediens Sondag 28 Junie gehou is, was daar reeds vir 4 maande lank 'n weeklikse Bybelstudie-aand. Dit was vir my belangrik om eers met kleiner groepe te begin, sodat almal kan leer dat

die gemeente van Christus 'n liggaam is. Ons leer mekaar ken en liefhê, en saam ondersoek ons God se Woord en bespreek hoe dit ons lewens verander. Die groep bid saam en die kinders is ook deel daarvan. Dit was 'n mooi begin; mense was en bly entoesiasties!



Die eerste samekoms van die huisgemeente.

Daar is dan nou eredienste, wat voortbou op daardie weeklikse samekomste. Die kerk word nou meer sigbaar in die omgewing, maar het reeds in die afgelope maande aan die gang gekom. Ons trek nou by die vyfde erediens. Ook smiddags is daar 'n samekoms. Vanaf die eerste begin wil ek die mense geleentheid gee en leer om die Sondag aan die Here toe te wy. Die bywoning wys dat dit vir baie 'n nuwe ding is: daar is 2 of 4 mense in die middagdiens, en partykeer daag daar niemand op nie.
'n Deel van die mense was vroeër reeds lidmate van een van die sendinggemeentes en het hiernatoe getrek. Ander het ek in Orchards of Chantelle raakgeloop. Vanweë die samestelling van die groep sing ons behalwe die Sotho-liedere ook Engelse Psalms en Gesange. En dit gaan goed!

Kinders en jeug
Rinette het 'n kinderbybelklub op Vrydagmiddae begin. Elke week sit 'n groepie van ongeveer 12 kinders, tussen 8 en 13 jaar, in ons motorhuis en luister na 'n Bybelverhaal, leer 'n lied, maak 'n werkie en speel ook basketbal buitekant. Die werkies wat hulle maak, is oulik: verlede keer het hulle van koekies 'n huisie gebou, om die gelykenis van dié dag te onthou: moenie jou huis op die sand bou nie, maar op 'n rots. Eenmaal 'n maand wys ons 'n film, met springmielies en koeldrank. So probeer ons om met die kinders in ons omgewing kontak te maak en ook die ouers te leer ken.
Ek probeer ook om kontakte te bou met die groep van 16 jaar en ouer, en met die jong volwassenes van 21 jaar en ouer. Dit is 'n uitdaging om hulle leefwêreld te leer ken en deel van die groep te word, sodat ons hulle na ons huis kan nooi.

Gebed, besoek en musiek
Dankie vir julle gebede. Julle is welkom om die dienste te besoek. Daar was elke week al 'n paar gaste uit Pretoria-Maranata; ons is bly met die belangstelling. En indien jy 'n instrument speel en wil help om die gemeentesang te begelei, is jy baie welkom!

Hartlike groete in die Naam van ons Here Jesus Christus,
Ds Dirk Maurits Boersma

ONDERWYS as LEWENSDOEL

Onderwys & Opvoeding

'n Jong ma het eenkeer vir 'n predikant gevra wanneer sy haar jong kind van God moet begin leer. Op die predikant se vraag hoe oud die kind is, het die ma geantwoord: "5 jaar". Die predikant se antwoord? "Begin dadelik, jy het al vyf kosbare jare verlore laat gaan!"

Dikwels word kinders van vandag deur die ouer generasie beskryf as "minder goed", wêrelds, en met geen respek vir gesag nie.

Hoekom sal dit wees? Het die vorige generasie dinge anders gedoen? Het hulle meer geïsoleerd en met minder invloede van buite groot geword? Het vorige generasie-ouers 'n ander lewensdoel voor oë gehad as hedendaagse ouers?

Die lewensdoel wat elke Christen-ouer vir elkeen van sy kinders voorhou, is 'n uitgemaakte saak. Ononderhandelbaar. Die lewens-doel is nie veronderstel om te verander van generasie tot generasie, van toe tot nou, van

nou tot in die verre toekoms, van die verre toekoms tot die koms van die Here Jesus nie?!

Om kinders op te voed, is om kinders op te voed tot eer van die Here, as burgers van sy Koninkryk.
Invloede en omstandighede verander, ja, maar die doel bly onveranderd.

Invloede en omstandighede
Ouers is vandag baie meer bewus ingestel op die koms van elkeen van hulle kinders. Wanneer 'n kind die eerste lewenslig aanskou, spring ouers onmiddellik aan die werk om 'n maklike en rustige lewe vir hulle kind te skep.
Die kind se lewe moet een wees van **gemak**. Daar word beslis nie ongemaklike situasies in die beplanning toegelaat nie. Nie as ouers dit met al die voordele tot hulle beskikking kan verhinder nie. En dit is goed bedoel, dit is uit liefde.
Ouers is ook gerig op **kwaliteit**. 'n Kwaliteit "produk", wat eendag kwaliteite sal besit waarop ouers, die kind self, en natuurlik die samelewing waarin hy gaan funksioneer, trots kan wees.
'n Wenner in eie reg. Die kwaliteite wat in die latere lewe bereik moet word, vra daarom heelwat deurlopende insette waarin die kind optimaal kan ontwikkel.
Kwaliteit onderrig op skool, buitemuurse aktiwiteite, sosiale vaardighede, emosionele vaardighede...
Sommer van kindsbeen af word hulle goed geskool.



Slim, sosiaal aanvaarbaar, sportief, musikaal, mooi, ryk. Alles eienskappe wat menswaardigheid bied.

Mooi en nuttige vaardighede vir ons kinders se aardse bestaan. Vaardighede waarmee hulle beslis eendag ver sal kom.

Nie alle kinders voldoen egter van nature aan al hierdie eienskappe nie. Party kinders het baie meer natuurlike talente waarmee hulle gebore is. Met die nodige aanmoediging en geskikte geleenthede kan hulle "ten volle" ontluik.
Van hierdie "nuwe babas" voldoen egter, in mense-oë, nie aan al die verwagtinge wat vir hierdie wêreld tel nie. Gelukkig is daar vir baie van die swak plekke in die kinder-mondering raad en hulp beskikbaar. Die probleemareas wat kinders openbaar, kan oorkom word met ekstra klasse vir die stadige leerder, beter afrigting vir die minder talentvolle, harder werk vir die stadige outjie, draadjies vir skewe tande.

So kan die "vals norme" wat deur die samelewing geskep is – naamlik skoonheid en intelligensie – tog redelik goed oorbrug word. Slim en mooi maak jou die moeite werd. So sê die samelewing.
Val ons dan gedweë in?

Daar is baie meer as dit
Daar is egter meer in die lewe van die gelowige as hierdie wêreldse lewensdoel. Behalwe vir kwaliteit tyd, ekonomiese voordele, buitemuurse aktiwiteite, wat soveel druk op ouers kan plaas en waar die uiteinde so leeg is, is daar iets veel meer. Iets onbeskryflik groots.
Gelowige ouers en hul kinders se bestaan is nie net gerig op hierdie wêreld nie. Kinders van God se bestaan hou baie meer in as wat

hierdie tydelike aardse bestaan te bied het. Gelowige ouers mag hoër mik as hierdie wêreld, 'n veel belowender bestaan lê in die vooruitsig.
Dit is die lewensdoel wat ons vir ons kinders in die vooruitsig mag hê. Die ewige lewensdoel. Diensbaar aan ons Skepper, die God van die Verbond.
Vir God is elkeen van sy skepsels goed en na sy beeld geskape, uitgesonderd die sonde. Kinders kan wees wie hulle is. Ouers kan hulle kinders aanvaar net soos wat hulle is. God het hulle so aanvaar! Hy het teruggesit en gesê: dit is goed. Ek laat jou lewe in hierdie wêreld. Jy is deel van my skepping. Jy is my beelddraer.
Elke kind is 'n unieke skepsel. Met unieke moontlikhede en onmoontlikhede.

Ons moet dit van kleins af vir ons kinders saamgee. Hierdie kosbare wete dat hulle vir ons aanvaarbaar is, omdat hulle vir God aanvaarbaar is. Die feit dat hulle waardevol is, omdat God hulle waardevol ag, omdat God hulle so geskep het.

Aanvaarding ongeag.

Aanvaarding ongeag, is vir die kind 'n waardevolle wegspring. Dit is 'n direkte opdrag van God dat ons elke mens op die aarde sal aanvaar as deel van sy skepping, as Godgegewe.
Daarom mag kinders nie eers aanvaar word as hulle aan sekere verwagtings voldoen het nie. Wie sou dan aanvaarbaar wees?
Dit beteken egter nie dat alles wat kinders **doen**, aanvaarbaar en reg is nie. Kinders kan en tree baie egoïsties op, hulle daag gesag uit. Hulle kan, so klein soos hulle is,

baie swak gedrag openbaar. Baie onaangename situasies veroorsaak. Hulle is immers in sonde ontvang en gebore. Maar dan sal ons die **gedrag,** die **oortreding** moet aanspreek, nie die kind in sy persoon afkraak nie. Gelowiges mag onderskei tussen **skuldbesef** teenoor **skuldkompleks**.
'n Skuldkompleks/skuldgevoel is verlammend, dit breek 'n mens se moed. Dit het ook geen sin nie. Skuldgevoel dra geen vrug nie. Skuldbesef egter is 'n vertrekpunt, dit bewaar ons van die afgrond, dit maak ons waaksaam en versigtig. Dit is kosbaar.

'n Mens se geloofsmoed groei as jou lewensdoel groter is as jou eie omstandighede.

Omdat ons kinders so waardevol is in God se oë, maar ook vir ons as ouers, wil en sal ons hulle in liefde lei en vermaan. Soos wat God ons liefhet en daarom ook liefdevol vermaan, ongeag ons sterk en swak punte, so moet ons ook teenoor kinders optree. God

vra nie eers goeie werke of dapper optrede of knap uitslae voor Hy liefde en genade uitdeel nie. Dit kom onvoorwaardelik. Mag ons kinders se heil dan vir ons 'n lewensdoel wees? Verseker. Solank die lewensdoel ewigheidswaarde het en nie vir hierdie verganglike wêreld bestem is nie.

Gelowige ouers
Gelowiges is mense wat sekerheid het van dinge waarop hulle hoop en bewys het van dinge wat hulle nie sien nie.
Dit is 'n lewe wat nie vashou aan dit wat nou is, dit wat sigbaar is, dit wat ons nou beleef nie. Dit is 'n lewe in hoop op dit wat beloof is.

Hoop lê net in die beloftes van God, want dit is seker. Abraham se geloof was in dit wat hy in sy lewe nie gesien het nie: die beloofde land, sy seun wat die groot nageslag moes voortbring. In mense-oë is dit nie haalbaar nie. Maar wanneer God dit belowe, wie kan dit dan in twyfel trek? Abraham het hierdie beloftes in sy lewe op die aarde nie gesien nie. Maar hy gaan dit sien in die hemel!
Hoe dikwels staan die gelowige nie alleen in die linie van God se stryders nie? Dink aan Moses, dink aan Noag.
Die teenkanting van die wêreld is nog hanteerbaar, want die breuk tussen kerk en wêreld kan in vele opsigte groot wees, maar vir die teenkanting van jou eie kerkvolk kan net God jou bewapen. En die teenkanting is daar. Hoeveel verskillende opvoedingstegnieke kan daar nie in een gemeente voorkom nie?!

Ouers het nie gesag omdat hulle ouers is nie, hulle het gesag omdat God hulle in die gesagsposisie aangestel het.

Kinders moet voorgeleef word dat hulle gemaak is vir 'n verhouding met God. Om Hom te dien. En om God te kan dien moet hulle Hom leer ken uit sy Woord.
Gelowiges is uit genade geroep tot hierdie diens.

Agente
Gelowige ouers mag daarom as **agente** optree tussen God en die kinders wat Hy hulle leen.

Kinders moet aan hulle ouers gehoorsaam wees omdat die gehoorsaamheid teenoor God geopenbaar word en nie teenoor ouers nie. Ouers is nie op 'n eie missie as hulle opvoed nie.
Hulle is ook nie wreedaardig en onbillik besig as hulle negatiewe gedrag en optrede, indien nodig, met die roede straf nie. Hulle is in diens van God besig.

Ouers se woorde en dade bou elke dag aan hulle kinders se vorming.
Skool, kerk maats en alle ander instansies is bysake.
Noodsaaklike bysake.
Mag ons dan 'n lewensdoel vir ons kinders hê? Ons moet 'n lewensdoel vir hulle hê.
Hulle is leengoed met 'n direkte opdrag van die Gewer. Hulle is Myne.

"Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele. En Hy het hulle die hande opgelê en geseën."

Wilma Pouwels *is oud-onderwyseres en lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Munisipale dienslewering – TYDBOM of TEKEN?

Samelewing & Politiek

Onrus oor plaaslike dienslewering – of liewer oor die gebrek daaraan – is nie 'n nuwe gesig in Suid-Afrika nie.

Die gewelddadige opstande in *townships* in die laat 1980's was juis gemik teen plaaslike owerhede wat destyds deur die Nasionale Party bewind ingestel is.

Onder die Mbeki-bewind was gewelddadige verset teen die gebrek aan dienslewering ook aan die orde van die dag. Die ontevredenheid van inwoners van Khutsong naby Carletonville oor die inlywing van die dorp by die Noordwes-provinsie was die oorsaak van sporadiese geweld en brandstigting in die gebied tussen 2005 en 2008.
In dieselfde tyd het soortgelyke massa-aksie ook plaasgevind in Olievenhoutbosch naby Pretoria, Bosbokrand en Mutse in Mpumalanga en Bloemhof in die Noordwes-provinsie – om maar 'n paar voorbeelde te noem.

Destyds het politieke kommentators dikwels die onrus afgemaak as bloot simptomaties van die Mbeki-Zuma-magstryd binne die ANC.

Onlangse onrus en geweld
Hierdie teorie is egter die afgelope maande behoorlik die nek ingeslaan. Die Mbeki-Zuma-magstryd is iets van die verlede. Oud-President Mbeki het afgetree en hom onttrek aan die openbare lewe en Jacob Zuma het pas sy eerste 100 dae as president gevier. Maar die onrus duur voort.

Die afgelope maande het beelde van verwoesting, geweld en brandstigting op Balfour, Mpumalanga, en 'n verskeidenheid van dorpe regoor die land die nuus oorheers.

Belastingweerhouding
Maar dit is nie net die armes wat in verset kom nie.

Munisipale belastings en dienstegelde het 'n vername strydpunt in die nasionale debat geword. 'n Nasionale Belastingbetalersunie, bekend as die NBU, het die afgelope aantal jare tot stand gekom om die belange van munisipale belastingbetalers landwyd te hanteer.

Die voorsitter van die NBU, mnr Jaap Kelder, maak daarop aanspraak dat belastingbetalersverenigings van meer as 200 dorpe reeds op 'n mindere of meerdere mate by die NBU ingeskakel is. Die werkswyse van die NBU is om te steun op Artikel 102 van die Munisipale Stelsels-wet, wat bepaal dat 'n munisipaliteit die verskillende rekeninge van 'n persoon kan konsolideer en volgens die munisipale skuldinvorderingspraktyke kan invorder, *behalwe* as die betrokke persoon 'n dispuut met die munisipaliteit oor 'n aspek van die rekening verklaar het.

Die NBU steun juis op hierdie uitsondering in Artikel 102 en waar munisipale dienslewering dus nie na wense is nie, sal die betrokke plaaslike gemeenskap dan 'n dispuut met die betrokke munisipaliteit verklaar en lede van die betrokke vereniging sal dan in sekere gevalle hulle betalings van belastings of sekere dienstegelde weerhou totdat die dispuut opgeklaar word.

Die redenasie is dan dat die belastingweerhouding in die betrokke geval geregverdig is, gebaseer op die uitsonderingsbepaling van Artikel 102 en natuurlik ook die substansie van die "dispuut" wat verklaar is.

Hierdie redenasie is nog nie behoorlik in 'n hof getoets nie, maar regslui verskil oor die korrektheid daarvan asook die kanse op sukses indien die argument wel getoets sou word. Die Hooggeregshof in Pretoria het pas teen die Pretoria Belastingbetalersvereniging beslis in 'n aansoek wat op hierdie bepalings gesteun het.
Dit is dus nie so seker dat hierdie benadering op die lange duur, in isolasie gesien, die probleme met dienslewering gaan oplos nie.

Oorsake van die probleem
Kenners voer 'n verskeidenheid van redes aan vir die skynbare chaos op munisipale vlak.

Een van die vernaamste redes waaroor kenners saamstem, is die uitvloei van kundigheid uit plaaslike regering. Die ANC se werkswyse van "kader-ontplooiing" is 'n vername sondebok. Die beleid kom daarop neer dat 'n ANC-lid nie slegs politiek bedryf indien hy tot 'n wetgewende liggaam of raad verkies is nie, maar ook "deur die party ontplooi" kan word as staatsamptenaar, plaaslike amptenaar of selfs 'n direkteur van 'n openbare entiteit soos die SABC, Eskom of Transnet. So 'n ontplooide kader vul dikwels 'n pos net omdat hy deur sy party daar geplaas is en nie weens 'n besondere bevoegdheid nie. Dikwels word ervare mense in die naam van regstellende aksie eenkant toe geskuif, terwyl top-poste dan deur politieke aanstellings gevul word.

'n Tweede oorsaak van die probleem is die feit dat munisipale afbakening daartoe gelei het dat plaaslike regering nie meer werklik plaaslik is nie. Die huidige stelsel behels sogenaamde kant-tot-wal munisipaliteite, wat beteken dat 'n munisipale grens veel wyer strek as die betrokke dorp wat bedien word. Verder het elke dorp nie sy eie munisipaliteit nie, maar bestaan plaaslike munisipaliteite in plattelandse gebiede dikwels uit soveel as drie tot vyf dorpe. Die besluite wat dus oor plaaslike regering in 'n dorp gemaak word, word dikwels 30 of 40 km ver in 'n naburige dorp geneem waar die munisipale kantoor gesetel is. Die verwydering tussen gemeenskappe en hul regerings is 'n vername probleem wat aandag moet kry.

Toe munisipaliteite 9 jaar gelede afgebaken is, is mislukte munisipaliteite dikwels saam met sukses-volles gegooi, skynbaar in die hoop dat die sukses-volle munisipaliteite die onsuksesvolles sou ophef. Die teenoorgestelde het egter gebeur. Aanduidings is tans weer eens dat die ANC aan groter sentralisering as oplossing vir die probleem dink. Tans is daar sekere omstrede grondwetwysigings in die pyplyn wat daarop gemik is om juis sekere bevoegdhede van munisipaliteite af weg te neem en aan provinsies of die sentrale regering oor te dra. Weer eens bestaan die gevaar dat die saamgooi van probleme nie daardie probleme gaan oplos nie, maar net groter mislukkings tot gevolg gaan hê – soos reeds in die praktyk bewys is.

Die pad vorentoe

Plaaslike regering is die basis van alle regering en as plaaslike regering in duie stort, kan anargie volg. 'n Tydbom wat wag om af te gaan.

Maar die probleme wat tans bestaan, hoef nie 'n tydbom te wees nie. Indien die tekens ter harte geneem word en tydige oplossings gevind word, kan die tendens omgekeer word.

Die Munisipale Stelsels-wet maak reeds in Artikel 76 voorsiening vir die lewering van munisipale dienste deur die sluiting van Diensleweringsooreenkomste met gemeenskapsgebaseerde organisasies en nie-regeringsorganisasies.
Hierdie meganisme wat deur wetgewing geskep is, lê die grondslag vir 'n moontlike oplossing van die probleme wat munisipaliteite tans ondervind.

Die uitdagings is egter vir gemeenskapsgebaseerde organisasies om na vore te tree en munisipaliteite om in te stem tot die sluiting van sulke ooreenkomste. Op dié manier kan gemeenskappe die vennote van munisipaliteite raak eerder as vyande.

Die vraag is net hoe gou die nodige stappe geneem gaan word. Die tyd raak min.

Willie Spies *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

Tema volgende KOMPAS:
Groen - ons rentmeesterskap oor die aarde

Gesprek met 'n TWYFELAAR

Leer & Lewe

Hier volg 'n oop gesprek soos dit moontlik sou kon verloop tussen 'n twyfelaar (T) en 'n vertrouens-persoon (V). Hierdie gesprek is voorafgegaan deur 'n gesprek waarin die twyfelaar sy vrae oor die bestaan van God, sy skepping en voorsienigheid verwoord het.

V: Wel, hier is ons weer bymekaar. Hoe staan sake met jou?
T: Ek is baie bly dat ek verlede maand met jou kom praat het. My vrou ook. Baie groete ook van haar. Ek is veral baie bly dat jy my nie sommer dadelik afgeskryf het toe jy hoor wat my probleem is nie.
V: Was jy dan bang ek sou dit doen?
T: Nee, ek was nie bang vir jou nie, maar bang wat ander mense se reaksie sou wees as hulle dit moes hoor. Mense kan sake vir 'n twyfelaar maar moeilik maak.
V: Het jy toe weer oor die dinge nagedink? Miskien 'n bietjie verder gekom in die een of ander rigting?
T: Jjja ... en nee.
V: Hoe dan nou?
T: Aan die een kant, ja. Weet jy wat het baie vir my beteken? Die feit dat jy vir my gesê het jy weet dat God bestaan, en dat jy tekens daarvan in die wêreld sien. Dat jy dit so sonder aarseling en so rustig kon sê.
Maar aan die ander kant – en dit sal dalk vir jou 'n teleurstelling wees – noudat ek openlik daaroor gepraat het, is dit vir my asof my twyfel duideliker geword het. Hoe kan ek sê? Harder, beter omlyn, meer tasbaar. Ek weet nie of jy begryp wat ek bedoel nie?
V: Ek dink nogal so. Noudat jy jou vae gevoelens onder woorde gebring het, het dit vir jou substansie gekry. Dis, by wyse van spreke, asof jy jou twyfel nou voor jou sien staan?
T: Juis. Dis presies wat ek in die afgelope weke ervaar het.
V: Nou ja, miskien moet ons net weer ons vorige gesprek se drade optel. Ek kan jou verseker dat ek ook in die tussentyd daaroor nagedink het. Die Here om lig gevra het.
Kyk, jy het verlede keer gesê jy wil glo, maar jy kan nie. Maar is dit regtig so? Ek bedoel natuurlik nie dat jy hier bewus gesit en jok het nie. Ek is seker jy dink eerlik dat jy graag wil glo. Maar maak jy nie miskien 'n fout nie? Het jy jou eie gevoelens reg vertolk? Dink jy nie miskien te goed van jouself nie?
T: Hoe bedoel jy nou?
V: Moet asseblief nie dink ek wil jou seermaak of iets nie. Laat my probeer verduidelik: Jy sê jy wil glo, maar jy kan nie, nè?
Nou, hóékom kan jy nie? Omdat daar dinge is wat jy nie kan aanvaar nie – nie met jou verstand kan begryp nie, nè. Soos die skepping. Soos hoe dit "moontlik" kan wees dat God alles bestuur. Sy voorsienigheid. Jy het die vorige keer selfs woorde uit die Kategismus (Sondag 10) aangehaal: van reën en droogte, gesondheid en siekte, en so aan.
Jy het ook gesê dat jy geensins verander as gevolg van jou Bybellees en bid en kerkbesoek nie. Jy vóél niks nie, het jy gesê. En dit laat jou twyfel. Reg so?
T: Ja.
V: Maar nou wil ek jou vra: Hoekom hou jy aan jou twyfel vas as jy tog graag wil glo?
T: Maar ek dink nie ek hou aan my twyfel vas nie! Dis juis andersom: die twyfel hou *my* vas. Dit kom net eenvoudig – ongevraag – in my gedagtes op. Dit val my as 't ware teen my wil van buite af aan... En al probeer ek daarvan loskom, ek slaág net nie daarin nie.
V: Nee, jy sal nie daarin slaag nie. Die twyfel is nou eenmaal daar en jy kan nie daarvan wegkom nie. Dit moet jy onder oë sien. *Maar op 'n ander manier as tot nou toe*.
T: Hoe meen jy?
V: Jy sê die twyfel val jou van buite af aan? Dit kan sekerlik gebeur dat ons van buite af deur die duiwel aangeval word. Ek sê "ons", want in die stryd is jy nie alleen nie. Ons almal word van tyd tot tyd so aangeval. Maar ek vra jou ernstig: Hoe is dit binne-in jou hart gesteld? Dink nou baie eerlik: Wat het gebeur dat twyfel by jou 'n voet in die deur kon kry? Wat is daar in jou – in ons almal – waarby Satan met sy twyfelgedagtes kon aansluit?
Laat ek dit met 'n voorbeeld probeer verduidelik: Sê nou iemand kom na jou toe met die voorstel dat jy een van julle kinders op 'n manier moet martel. Jy sal mos nie eens één oomblik lank met die idee speel nie. Jy sal dit met minagting verwerp. Al sou dit jou lewe kos, sal so 'n gedagte mos nooit enige aanklank by jou vind nie, nè?
T: Vanselfsprekend nie!
V: Ek hoor die verontwaardiging in jou stem. En ten regte. Maar wat nou van die idee dat God nie bestaan nie, dat sy Woord nie die waarheid is nie...? Hoekom vind dit dan wel by jou aanklank? Hoekom werp jy dit dan nie ook ver van jou af weg nie?
T: Bedoel jy dat die twyfel by iets in my aansluiting vind?

V: Ja, dit is wat ek bedoel.
T: Maar... 'n mens het tog jou gesonde verstand. Dit is mos nou maar eenmaal so dat daar vrae in die wêreld is waarop niemand 'n klinkklare antwoord het nie? Wat kan 'n mens daaraan doen?
V: Ja, wat jy sê, is waar. En tog... Ek kan nie help om in die saak weer aan die gelykenis van die saaier te dink nie. Jy ken dit natuurlik. Jy het mos self gesê dat die twyfel by iets in jou aanklank vind. Dit lyk eintlik vir jou vanselfsprekend dat dit sal gebeur, want 'n mens het tog jou gesonde verstand en gevoel oor dinge, sê jy.
T: Ja.
V: Maar nou vra ek jou: Hoe "gesond" is ons verstand en hoe suiwer is ons gevoel – na die sondeval? Om nou die beeldspraak van die saaier-gelykenis te gebruik: waar het die saad van die Woord van God by jou geval? In goeie grond – dit wil sê in 'n goeie hart? Of het dit in die pad geval, of op 'n klipbank, of tussen die onkruid? Kon dit nie dalk tussen die onkruid van ryk-wil-wees geval het nie?
T: Nee! Geld is glad nie vir my belangrik nie!
V: Ek sien jy word kwaad. Maar ek bedoel dit nie sleg nie. In jou geval is dit dalk die ryk-wil-wees-in-eie-denke, in denke buite God om.
T: Maar nou lê jy tog die skuld by my?
V: Nie ek nie. Dit is die Here Jesus wat die skuld blootlê. In sy gelykenis wys Hy op die skuld in die hart van die Jode. Maar die skuld lê in ons almal se harte. In Lukas 8:15 sê Hy dit: "Die deel wat in goeie grond val, dui op die wat die woord met 'n goeie en opregte *hart* hoor..." Jy weet tog dat die woord "hart" in die Bybel verwys na die *kern* van ons bestaan. Spreuke 4:23 spel dit so duidelik uit: "...wat in jou hart omgaan...bepaal jou hele lewe". Dit beteken dat 'n mens se hart die bron is van jou hele lewe. Dat alle beslissings daar val. En dus ook die beslissing vir of teen God.
Uit ons hart kom ons gedagtes op, ons gevoelens, ons wil, ons begeertes; ons hele perspektief op die lewe. Daarom sluit die digter, wat Psalm 139 begin het met: "Here, U sien dwarsdeur my", sy psalm af met: "Deurgrond my, o God, deurgrond my *hart*..." As die Here Jesus dus praat van die goeie grond as die goeie *hart*, verwys Hy na 'n dieper vlak van ons bestaan as ons verstand, waarmee ons alles soos met 'n soeklig wil verken, wil probeer begryp of nie begryp nie. Hy praat ook van 'n dieper bestaansvlak as ons gevoel, of ons wil, of selfs ons perspektief op die lewe.
Op die vlak van die hart is die vraag nie meer of ek en jy alles van God kan begryp en of ons iets van Hom ervaar in ons lewe nie. Die vraag is dan net: Val die saad by jou in "goeie grond"?
Ek sê nou met opset "by jou". Nie om my bokant jou te stel nie, want wat ek sê, geld net soseer vir myself en vir elke ander mens. Maar ek praat tog nou spesifiek van jou, en my eerlike vraag is: Is daar in jou *hart* ten diepste werklik die begeerte om God te ken en Hom te erken?
Wil jou *hart* (nie jou verstand nie) in alle eerlikheid loskom van twyfel? Haat jou hart die twyfel wat in hom skuil? Of wil jy in die kern van jou bestaan – in jou *hart* – eers op jou manier klaarspeel met jou vraag of daar wel 'n God is en of Hy is soos jy vir jou voorstel Hy moet wees? Wil jy aanvaar wat *God* aan ons *openbaar*, of wil jy met die leer van jou eie twyfeldenke na bo klim om dan eers – as jy "bewyse" wat jou pas, gevind het – te glo?
T: Nou ja, ek moet sê, so het ek nog nie daaroor gedink nie. En ek weet ook nie wat ek nou sommer daarop moet antwoord nie, dis 'n half onverwagse argument...
V: Jy hoef mos ook nie nou daarop te antwoord nie. Dink eers rustig daaroor na. En as jy later verder daaroor met my wil kom praat, is jy baie welkom. Binne een of twee gesprekke kan 'n mens in elk geval nie 'n moeilike saak soos dié oplos nie.
T: Ek sal dan weer bel sodat ons 'n geskikte tyd kan afspreek.
V: Gaaf. Dan wag ek vir jou oproep. Maar moet darem nie te lank wag nie. Ek meen: moenie dat die saak onbepaald voortsleep nie, want twyfel kan 'n mens heeltemal op sleeptou neem... Moet dus nie daaraan toegee nie.
En asseblief: moenie vergeet om God se Woord te raadpleeg, en sy Gees te vra om jou lig en wysheid te gee nie.
Ek belowe jou dat ek dit ook nie sal vergeet nie. Ek sal vir jou om lig vra. En vir myself. En ek sal ook nie van jou vrou en kinders vergeet nie.

Oorgeneem uit: ***Sê nou God bestaan nie?*** deur H Westerink, hoofstuk 21.

Ds C Kleijn *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk in Johannesburg.*

VERSOENING of BETALING

The Kite Runner

Kuns & Kultuur

'n Verhaal oor Afganistan

Voor 2001 was die naam Afganistan vir baie mense òf onbekend òf 'n verafgeleë plek met 'n misterieuse naam, soortgelyk aan Timboektoe. Ná 11 September 2001 het dit verander. Die land is byna daagliks in die nuus. Baie mense ken – of is verwant aan – iemand wat as soldaat uitgestuur is na Afganistan. Die land word veral geassosieer met een woord: oorlog.

Die gevolg hiervan is dat die land gesien word in terme van dodetalle of die hoeveelheid bomme wat per dag ontplof. Die Taliban (die groep wat deur Amerikaanse troepe verdryf is en word) is deur vele – veral jongmense – as gevolg van die "modieuse" anti-Amerikaanse of anti-Bush sentiment as rewolusionêre kulthelde gesien.

Wat egter regdeur bittermin aandag gekry het, is die gesig van die miljoene Afgaanse burgers wat te midde van die permanente konflik 'n lewe in Afganistan lei.

Die menslike kant van 'n land wat nooit rus het nie

Khaled Hosseini se *The Kite Runner* is egter 'n welkome uitsondering op hierdie reël. Hosseini – 'n meesterlike storieverteller – slaag besonder goed daarin om die menslike kant van 'n land wat nooit rus het nie, te vertel. *The Kite Runner* het met 'n kunstige harmonie tussen huislikheid en historiese verskrikking vir Afganistan 'n gesig gegee. Die boek is die moeite werd om van nader bekyk te word.

Geloof

Die feit dat *The Kite Runner* – 'n boek met 'n Islam-agtergrond – bespreek word in 'n Christelike blad, bring 'n netelige kwessie na vore. Hoekom sal Christene hierdie boek lees? Lesers sal byvoorbeeld agterkom dat die woord "God" dikwels genoem word, maar daarmee word natuurlik die Islamitiese god, Allah, bedoel. Sonder dat hierdie verskil ooit in die boek uitgespel of behandel word, kan die leser redelik gou die onderlinge verskille tussen Godserva-ring en -diens agter kom: die verskil tussen die Ware God en Allah. Die verskil tussen jou ryk lewe saam

met God en die arm lewe van 'n arme Moslem. Hiermee word een van die belangrikste fasette waarmee *The Kite Runner* vir Christene kan verryk, aangespreek: 'n kykie in die lewe en belewing van iemand wat sy heil in 'n ander god soek. Dikwels is Christene se enigste konfrontasie met nie-Christelike gelowe via literatuur wat uit 'n Christelike hoek verskyn. Die Islam word bittermin deur die oë van die Islam bekyk. Gevolglik kan lesers die objektiwi-teit van die skrywer in twyfel trek. *The Kite Runner* is egter nie deur 'n Christen geskryf nie. Hierdeur kan Christene 'n baie realistiese kykie kry in die lewe van 'n gewone Moslem. En juis hierdie "gewone lewe" wys weer eens vir 'n Christen hoe dankbaar hy moet wees om te deel in God se genade. Deur 'n kykie te kry in die – in wese arm – lewe van 'n *gewone Moslem*, kan die *gewone Christen* sy seëninge tel. Hierdie gedagte word later meer in diepte bespreek.

Storie

The Kite Runner handel oor Amir en sy persoonlike band met sy vriend – die laerklas Hazara, Hassan. Amir, 'n intelligente maar taamlik lafhartige tienjarige seun, en Hassan, die moedige maar naïewe seun van hul dienskneg, doen alles saam. Amir sorg egter wel dat hy altyd die hef in die hande hou: hy is mos die ryk seun van een van die mees invloedryke mans in Kabul? Amir kom na vore as iemand wat wel geheg is aan sy vriend, maar tog bo alles egoïsties is. Hassan vereer egter vir Amir en volg hom blindelings. Amir se pa is lief vir hom, maar tot groot jaloesie van Amir gee hy ook baie keer aandag en liefde vir Hassan.

Aangesien Amir as die ek-figuur in die boek beskryf word, word die leser meegevoer in Amir se jaloesie en wisselende meerder- en minderwaardigheidsgevoelens teenoor Hassan. So ook Amir se gevoelens teenoor sy pa: soms liefde, soms haat, maar bowenal 'n drang na erkenning.

Ondertussen word die seuns geteister deur die sadistiese streke van Assef, 'n Hitler-vererende ouer seun in Kabul. Assef rig hom veral op Hassan, hoofsaaklik omdat hy van die Hazara-ras is. Wanneer Amir die populêre vlieërkompetisie wen en volgens die reëls die vlieër van sy opponent as trofee mag gaan soek, doen Hassan dit vir hom. Assef keer Hassan egter voor en verkrag die seun. Amir sien alles, maar doen niks nie. Die seuns se vriendskap verbrokkel, hoofsaaklik omdat Amir se skuldgevoel deur homself weggedruk word agter 'n awersie teenoor Hassan.

Met die Sowjets se inval in Afganistan in 1979 vlug Amir se ryk familie uit vrees vir die Kommunistiese bewind na die VSA. Amir groei op in die VSA. Ondanks die feit dat hy 'n groot behoefte daaraan het, kan hy homself nooit vergewe oor die lafhartige dinge wat hy aan Hassan gedoen het nie. Die skuldgevoel knaag al die jare aan hom.

Wanneer Amir inmiddels 'n volwasse en getroude man is, kom die geleentheid op sy pad om Hassan met 'n goeie daad terug te betaal. Hiervoor moet hy teruggaan na Afganistan. By sy terugkoms blyk dat niks van sy goeie jeugherinneringe van die land oor is nie. Die land is 'n wrak. Nêrens is meer bome te sien nie. Orals is bedelaars en armoede. Die Taliban voer 'n skrikbewind met hul kenmerkende rooi bakkies. Amir se meeslepende reis na versoening met Hassan bring hom in 'n situasie waar hyself ook liggaamlik mishandel word. Hierdeur voel hy asof hy uiteindelik ook gepas gestraf is vir sy sonde. Die gevoel dat hy uiteindelik betaal het vir sy verkeerde dade, gee hom die vrede in sy hart waarna hy jarelank tevergeefs gesoek het:

"... Another rib snapped, this time lower. What was so funny was that, for the first time since the winter of 1975, I felt at peace. I laughed because I saw that, in some hidden nook in the corner of my mind, I'd even been looking forward to this. (...) I hadn't been happy and I hadn't felt better, not at all. But I did now. My body was broken – just how badly I wouldn't find out until later – but I felt healed. Healed at last. I laughed."

Met die gevoel dat hy uiteindelik betaal het vir sy verkeerde dade, maak Amir vrede met alles. Met homself, met Hassan, met sy pa en met sy god.

Versoening en betaling

Nou is die vraag: hoe sou 'n Christen dit hanteer? Hoe gaan 'n Christen om met skuldgevoel (in vergelyking met 'n Moslem)? Wat opval, is dat Amir nooit met sy skuldgevoelens na sy god gegaan het (of kon gaan) en vergifnis vra nie. Hy het steeds gevoel asof hy móét terugbetaal en dieselfde pyn en lyding moet ervaar as wat sy vriend jare tevore ervaar het. Deur Khaled Hosseini se geweldige skryftalent word die leser volledig saamgesleur in Amir se gevoelens en gedagtes. So ook in sy skuldgevoelens en sy onbevredigde strewe na persoonlike versoening. Die versoening wat hy totaal alleen moet verwerf.

Hy moet die versoening alleen verwerf

Op die oomblik wat die leser uit die wêreld van die boek stap – 'n wêreld wat trouens, ondanks die mees gruwelike gebeurtenisse, 'n merkwaardige knus huislikheid vertoon – kan hy of sy met 'n gevoel van dankbaarheid weer tot die besef kom dat ons God geen persoonlike betaling vir ons sondes vereis nie. Omdat Jesus Christus al jare gelede aan die kruis betaal het vir al ons onregte en sondes teenoor Hom en mekaar.

Opsommend

The Kite Runner kan van harte aanbeveel word vir lesers met 'n nie-te-swak hart. Die boek is buitengewoon skokkend en u word aangeraai om uself hierop voor te berei.

Die boek is definitief nie geskik vir kinders nie. Begin dit verder ook lees as u baie tyd op hande het, want die boek is nie een om weg te sit nie. As u dit klaar gelees het, sal u waar-skynlik weke daarna nog dink aan Amir en Hassan. En Afganistan sal nooit meer die verafgeleë plek in u belewing wees nie.

The Kite Runner is in 2007 verfilm met knap vertolkings van veral die jong Amir en Hassan. As u *The Kite Runner* geniet het, lees dan ook *A Thousand Splendid Suns* (ook van Khaled Hosseini).

Khaled Hosseini
ISBN 9780747566533
336 p.

Alex van Houwelingen *is 'n vryskut illustreerder en "cartoonist".*

VERSPREIDING van KERNWAPENS

In Pers-pektief

Iran was die afgelope tyd gereeld in die nuus, hoofsaaklik vanweë twee gebeurtenisse. Die mees resente nuus het betrekking op die omstrede her-verkiesing van die fanatiese President Ahmadinejad. Die meer permanente nuus het betrekking op Iran se gevorderde ontwikkeling van kerntegnologie.

Hierdie twee sake is nou met mekaar verbind. Iran is een van die lande wat verklaar dat hulle kerntegnologie ontwikkel vir vreedsame doeleindes, maar die vermoede is dat dit besonderlik gerig is op die aanmaak van kernwapens. Trouens, dit is moeilik om siviele en militêre toepassings van kerntegnologie te skei. Maar Iran is tog 'n ondertekenaar van die Verdrag teen die Verspreiding van Kernwapens (die "Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons" oftewel die NPT)?

Die doel van die NPT is om 'n kernoorlog te voorkom en te strewe na die beperking in die verspreiding van kernwapens, maar ook om te strewe na kern-ontwapening en die bevordering van onderlinge vertroue tussen die verdragstate. Die vreedsame ontwikkeling van kerntegnologie word nie ontmoedig nie. Die NPT

Iran se President Ahmadinejad

is opgestel in 1968 en is onderteken deur vyf lande met kernwapens, te wete die VSA, Rusland, Engeland, Frankryk en China, asook 184 ander lande wat geen kernwapens het nie.
Suid-Afrika het sy vermoë om kernwapens te maak, opgegee voor die demokratiese verkiesing van 1994 en het daarna die NPT onderteken. Noord-Korea was ook 'n ondertekenaar, maar het hom in 2003 aan die NPT onttrek en het inmiddels sy eie kernwapens ontwikkel. Indië, Pakistan en Israel is die ander lande wat kernwapens het en nie die NPT onderteken het nie.

As 'n land 'n NPT-verdragstaat is, moet dit die Internasionale Atoom-Energie-Agentskap (IAEA) toelaat om inspeksies te hou.
Die NPT Hersienings- en Uitbreidings-Konferensie van 1995 in New York het o.a. besluit dat die Midde-Ooste vry moet wees van wapens van massavernietiging. Maar die NPT bevat 'n aantal skuiwergate, waardeur Israel beweer dat dit nie in sy doel slaag nie, besonderlik met betrekking tot Iran, maar in die verlede was hierby ook Irak en Libië ingesluit. Gevolglik wil Israel hom ook nie verbind aan die NPT nie. Tog is daar stemme in Israel, asook druk vanuit die huidige VSA-regering, om wel toe te tree tot die NPT.

Israel beskik reeds oor kernwapens, altans hulle het dit nooit ontken nie. Hulle het 'n kernkragsentrale by Dimona, suid van Tel Aviv. Hier word elektrisiteit opgewek, maar ook kernondersoek gedoen. Dit het na wat aangeneem word plutonium opgelewer, wat gebruik is vir die vervaardiging van 'n aantal kernbomme. Hierdie kernbomme is beskikbaar op vuurpyle wat vanaf duikbote afgevuur of deur straalvliegtuie afgegooi kan word. Een van hierdie duikbote het in Julie van die Middellandse See deur die Suezkanaal na die Rooi See gevaar. Hoewel Israel nie sy kernwapens gebruik om daarmee te dreig nie, intimideer dit egter wel.

Die huidige toenemende spanning lê o.a. in die betroubaarheid van Iran se President en sy verklaarde agressie teen Israel. Iran is die groot ondersteuner van Hamas, een van die Palestynse bevrydingsorganisasies wat nie die wettigheid van die staat Israel erken nie. Iran ondersteun Hamas in sy stryd teen die staat Israel, sowel moreel as met opleiding, finansies en wapens.

Israel se kernkragaanleg in Dimona

In die oë van Iran is Israel 'n terreur-staat wat die Palestyne uit hulle land verdryf het, hulle onderdruk en marginaliseer. Daarom is dit hulle verklaarde beleid om die staat Israel van die aandbodem te laat verdwyn. Daarby kan geen middele ongebruik gelaat word nie, selfs nie atoomwapens nie. Hoewel Iran en Israel nie aanmekaar grens nie (Irak en Jordanië lê tussenin), kan moderne vuurpyle die afstand tussen die twee lande vinnig oorbrug. Vuurpyle met kernbomme maak 'n moontlike militêre konflik tussen Israel en Iran baie meer omvattend as wanneer dit om 'n konvensionele konflik sou gaan.

Met 'n rewolusionêre bewind in Teheran en met die beskikbare tegnologie vir uraanverryking en plutoniumproduksie is die gevaar van 'n kernoorlog in die Midde-Ooste dus nie meer denkbeeldig nie. Dit sal tot groot bewondering in eie land en in die Moslemwêreld lei as Iran vir Israel durf aan te val. So kan Ahmadinejad sy politieke posisie en aansien versterk.

Verder is dit moontlik dat terreurgroepe wat deur Iran gesteun word, kernwapens in die hande kan kry. Die verwagting is dat, as Israel deur Iran met kernwapens aangeval word, dit met kernwapens sal terugslaan. Hoewel erken moet word dat die retoriek tussen Iran en Israel in die eerste plek op intimidasie gerig is, soos wat ook die geval was tussen die VSA en Rusland tydens die "Koue Oorlog", kan die situasie in die Midde-Ooste polities en militêr vinnig ontplof en in 'n "armageddon" ontaard.

Die beste benadering sal wees vir die internasionale gemeenskap om veral Iran tot kalmte te maan en seker te maak dat die IAEA-inspeksies sorgvuldig uitgevoer word. Militêre dreiging deur Israel of die VSA om Iran se kernaanlegte te vernietig, is "olie op die vuur". Daarom volg die Obama-regering eerder 'n diplomatieke benadering. Maar dit beteken nie dat daar nie op geheime ondergrondse plekke in Iran gewerk word aan die ontwikkeling van atoomwapens nie. Dit is nie uitgesluit dat wanneer die Israeliese geheime diens uitvind dat die ontwikkeling van kernwapens deur Iran in 'n gevorderde stadium verkeer, die Israeliese lugmag dit sal aanval en probeer vernietig nie.

Kerntegnologie is 'n geweldige uitvinding. Dit kan groot hoeveelhede energie ontsluit, wat vir vreedsame maar ook vernietigingsdoeleindes aangewend kan word. Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op die politici en tegnoloë om hierdie tegnologie met uiterste verantwoordelikheid te beheer, nie tot vernietiging nie, maar tot opbou van die mensdom.

Hans Moes *is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

NUANSERING

In sy artikel "Kan ons predikante nog vertrou?" (Augustus 2009) skryf ds Boon in die inleiding onder andere: "In 2009 moes die kerkverband nog 'n predikant verloor, afgesit weens owerspel." Teen hierdie uitspraak het daar besware ingekom. Hoewel hierdie uitspraak saaklik korrek is, erken die redaksie dat dit ongenuanseerd kan oorkom by lesers wat nie volledig op hoogte is van die situasie nie.
Met goedkeuring van dié betrokke afgesette predikant, skets ons daarom kortliks 'n breër prentjie: die owerspel het meer as drie jaar gelede plaasgevind en was slegs 'n kortstondige gebeurtenis. Verder het die broeder ten slotte self met 'n bekentenis van hierdie daad na vore gekom, sonder dat hy deur ander daartoe verplig is.
Die redaksie hoop dat ons hiermee 'n meer genuanseerde beeld van die gebeurtenisse skets, en ons bied ons verskoning aan as ons met hierdie sin ons broeder te na gekom het. Ons bid ook vir hom en sy hele gesin… en vir onsself wat almal ewe kwesbaar is.

TYD

Reaksie

"Wee die bewonders van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het."

Wanneer die tema TYD is, mag hierdie aanhaling nie ontbreek nie. Hy weet dat hy min tyd het! En hy is so woedend dat hy die tyd vir honderd persent sal uitbuit. En dit sal die nageslag van die vrou te wete kom. Reken maar!
Seker, die vrou is in die woestyn waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd, tye en 'n halwe tyd. Dit maak die woede van die draak nog groter. Maar sy invloed sal hy uitoefen tot die laaste toe, tot hy in die poel van vuur beland. Dit is die definitiewe einde. Hy weet dit! Daarom koop hy die tyd uit om die nakomelinge van die vrou te verlei. Meer kan hy nie. Die doodmaak kom na die binding van die duisend jare. Dan kom sy dag! En die dag sal groot wees, want die slagting sal almal insluit. Die blye vooruitsig wat satan streel!

En die vrou? Wat van haar nakomelinge wat heerlik in die woestyn onderhou word? Merk hulle nie dat die satan aan die werk gespring het nie? Soms kry 'n mens die indruk. Ons weet nie van min-tyd-hê nie. Ons maak ons baie druk en het vir alles wel tyd. Dat dinge oppervlakkig gebeur, maak nie baie saak nie. Die verskoning is dat 'n mens nie alles kan nie. Dan moet jy maar jou eie prioriteite stel. As iemand dan vra : "Het jy die broeder al opgesoek?", dan is die antwoord : "Jammer, ek het nog nie geleentheid gehad nie. Daardeur verander tog niks in hierdie wêreld nie. Ek hoop om dit volgende week te doen."

In die formulier vir die bevestiging van ampdraers word nogal uitgebreid aandag gevra vir hulle taakomskrywing. Daaronder val die getroue besoeke aan die lede van Christus se gemeente. Wat is dit: getrou? Eenmaal per jaar? Of volgens behoefte? Of na gelang ons tyd het? En hoeveel tyd moet die ampsdraer bestee om die predikante met goeie raad en daad behulpsaam te wees? En vir hierdie taak is ook nog voorbereiding nodig. Daarom die raad aan die einde van de formulier: "Om hierdie diens as herders oor die hele kudde van God getrou te kan uitoefen, is dit nodig dat die ouderlinge die Woord van God deeglik ondersoek en hulle oefen in die diens van God." Dit is nodig, sê ons vaders. Maak tyd!

Die mes sny aan twee kante. Die gemeentelede moet die besoeke op prys stel, soms selfs aanvra en daarna uitsien. Die jeug moet kan leer van die oueres. Om met tyd te kan omgaan.
Die predikante moet minder dink dat hulle alles self kan doen en die hulp inroep.

Ouderlinge en predikant is bevestig in die plaaslike gemeente. Daar is hul arbeidsveld. As die deputaatskappe genoemde take in gedrang bring, moet ons dit afskaal. Vra ons ooit of hierdie of daardie deputaatskap bydra aan die koms van die koninkryk? Is tydsbesteding aan iets wat nie deur die gemeente gesteun word nie, werklik nodig? Om konkreet te wees: wat dra bv. deputate vir kontak met buitelandse betrekkinge by tot die welstand van die kerk? Hoeveel bestee ons om die eenheid in Christus met ander te bewaar? Hoe deel ons ons rykdom in geestelike opsig met ander mense in ander kerke?
As dit oor tyd gaan, kan ons die opsomming nog heelwat langer maak.
En satan lag. Hy sorg dat daar geen tyd is om na mekaar om te sien nie. Dat studie nie voldoende aandag kry nie. Dat my gedagtes nie omhoog gaan en gevul word deur die heerlikheid van Vader nie.

Pragtig is dan die opmerking: "Miskien moet ons weer daarna begin soek om ons onrustige lewens te laat rus vind in God, wat die tyd geskep het." Of is ons bang dat ons niks meer te doen het as al die 'noodsaaklike' onrus wegval nie?

God het die mens geskep om die aarde te vervul, en haar te onderwerp en om te heers oor visse, voëls en al die diere op die aarde. Daartoe is die mens na sy beeld geskep en het alles wat hiervoor nodig is, gekry. Ja, selfs 'n baie lang lewe in die begin.
Die geweldige plan van God het in duie geval. Die mens val en die val was baie groot. Nou sit ons met die ellende. Kom ons bid, ja, smeek of God ons in genade aanneem en ons hoe langer hoe meer gaan regeer deur Woord en Gees om die tyd wat Hy gee, uit te koop in sy diens. Laat ons weet dat ons min tyd het. Môre kan te laat wees.

Hans Snijder *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk van Johannesburg.*

ADVERTENSIES

Klein Stee

selfsorg-gastehuis
Vir verdere inligting en bespreking sien
www.wheretostay.co.za/**kleinstee**/
of kontak ons:
kleinstee@telkomsa.net
telnr 021 9194755
Kees en Joke Begemann

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

On the Balcony
selfsorg-eenheid vir maksimum 4 persone.
Volledige inligting beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/
of ingridkl@iafrica.com
of 021 9102260
Gert & Ingrid Klapwijk

GORDONSBAAI - HOOGGENOEG
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:
jettysalomons@telkomsa.net of
082 320 6577 of
021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

2009 SEISOEN
PEKAN NEUTE
NOU BESKIKBAAR IN
PRETORIA

KONTAK:
Sonja van den Bout
Moregloed, Pretoria
012 333 6838 ~ 076 587 0246
vdbout@corpkey.net

Boekenuus

- **Psalmboek (Totiusberyming)**

Die sesde hersiene uitgawe van die sogenaamde Totiusberyming het sopas verskyn.

VOORWOORD VAN DIE CALVYN JUBILEUM BOEKEFONDS (Sesde hersiene uitgawe)
Nasionale Sinode 2003 het aan die Deputate van die Calvyn Jubileum Boekefonds (CJBF) opdrag gegee om toe te sien dat die vyfde hersiene uitgawe van die Psalmboek (2000) ooreenkomstig die aanvraag beskikbaar bly. In lyn daarmee het Nasionale Sinode 2006 besluit dat die teks van die 2000-Psalmboek – met die korrigering van enkele foute, asook die invoeging van nuwe Skrifberymings – herdruk moet word. Wie sou vermoed dat hierdie besluit en opdrag tot soveel werk aanleiding kon gee? By die uitvoering van die taak het geblyk dat daar 'n radikale verandering in die drukkersbedryf gekom het wat betref die prosesse om dokumente te set. Gevolglik moes al die Psalms en Skrifberymings, asook die belydenisskrifte, formuliere en ander tekste agter in die Psalmboek, opnuut geset word. Gelukkig kon daar van die werk gebruik gemaak word wat vir die 2003-uitgawe van die Psalmboek (wat ook ander omdigtings insluit) gedoen is. Tog moes daar indringende redigeerwerk en heelwat regstellings aangebring word.

FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)
Irene van der Meer
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@telkomsa.net
Posbus 26489
0031 Gezina

Daar is ook met groot sorg na die melodieë van die Psalms gekyk. Met verloop van tyd het heelwat Geneefse melodieë, wat so eie is aan die Gereformeerde liedereskat, in die slag gebly. Melodieë wat uitgeval het, is teruggeplaas. Daarbenewens is die opskrifte van die Psalms – soos wat dit in die Bybel opgeteken staan, maar nie berym is nie - bo die Psalms ingevoeg. Hierdie gebruik kom in talle Gereformeerde kerke wêreldwyd voor, en help om die Psalm wat gesing word, in sy historiese konteks te plaas. Skrifberymings wat deur Sinode 2006 goedgekeur is, is bygevoeg.

Die bede van prof JD du Toit, die berymer van die meeste van die Psalms, word opnuut onderstreep: "Mag God hierdie arbeid seën, sodat die lof van die Here onder ons nie verstom nie". Inteendeel, laat ons 'n Psalmsingende gemeenskap van heiliges wees wat die groot dade van die Here met oorgawe verkondig.

(Deputate CJBF Potchefstroom Herfs 2009)

TWEE HERUITGAWES WAT SAAMVAL MET DIE 500-JARIGE HERDENKING VAN CALVYN SE GEBOORTEJAAR:

- **Van der Walt, Jansie: Johannes Calvyn – 'n historiese roman** (R195)

Bykans 30 jaar gelede het hierdie besondere boek verskyn onder die titel: *Johannes Calvyn – 'n jeugroman*. "Op 'n meesterlike wyse slaag Jansie van der Walt daarin om, heel outentiek, die agtergrond, die milieu, die omgewing van die sestiende-eeuse mens op die breekwater tussen die middeleeue en die moderne tyd te skep… en Calvyn se bydrae in hierdie oorgang."
'n Boek vir oud en jonk!

- **Van der Walt, Jansie: The dawn of a new light. Life story of John Calvin** (R110)

Hierdie is die Engelse vertaling van bogenoemde boek.

- **Duvenhage, A: Die Institusie van Calvyn**. Tweede verwerkte uitgawe - 2009. (R220)

Hierdie verkorte weergawe van die Institusie wat reeds in 1951 verskyn het, is nou taalkundig aangepas en ná meer as 'n halfeeu heruitgegee! "Alleen 'n Skrifgebonde teologie verduur die eeue. So 'n teologie is dié van Johannes Calvyn. Daarom is dit 500 jaar na sy geboorte steeds relevant en aktueel… Mag hierdie verkorte Afrikaanse uitgawe van die Institusie van hulp wees by die lees van die Woord van God. Elke gelowige kan hierby baat vind. God het ons immers die swaard van die Gees, sy Woord, gegee as deel van die wapenrusting vir elke dag!

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:
Ds Erik van Alten
Jan de Mooij
Kees Roose
Willemien Kleijn
Irene van der Meer
Arnoud van den Bout

Subredakteurs:
Onderwys en Opvoeding:
Heleen Snijder
Wilma Pouwels
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Leer en Lewe:
Ds Kees Kleijn
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Dr Jan Meijer
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Tanya de Vente

Redaksieadres:
Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R50
RSA per hand : R100
RSA per pos : R125
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
  Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
  dskleijn@vgk.org.za
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
  kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
  hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
  Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 /
  emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
  Hibiscusstraat 54,Chantelle 0182 tel 012 549-3668 /
  dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 /
  pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
  Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 /
  hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 /
  tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 /
  magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 /
  jmhlanga@vgkmaranata.org.za

Posadres !!

Neem asb. kennis:
Kompas se posadres het verander na:

Posbus 31141
Totiusdal
0134